higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N970**(A)**(J6)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# REGSPRAKTYK N5

(13030115)

**6 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REGSPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.

2. AFDELING A is VERPLIGTEND. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

3. Beantwoord enige VYF vrae in AFDELING B.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Netheid, styl en ‘n sistematiese uiteensetting van feite word vereis. Waar moontlik, beantwoord vrae punt vir punt, maar altyd in vol sinne.

6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 In die Konstitutionele Hof word 'n saak deur 11 regters beslis.

1.1.2 Regsadviseurs het gewoonlik dieselfde kwalifikasies as 'n prokureur en 'n advokaat.

1.1.3 Die geld vir al die prokureur se kliënte word in 'n besigheidsrekening gehou.

1.1.4 Gewoontereg ('Customary law') is nie meer 'n belangrike bron van Suid-Afrikaanse reg nie.

1.1.5 Die Parlement is die belangrikste wetgewende gesag in die Republiek.

1.1.6 Die Kommissaris is die voorsittende beampte in die Hof vir Klein Eise.

1.1.7 Onderhandse ('Collusive') en notariële ooreenkomste is soortgelyk.

1.1.8 'n Gekombineerde dagvaarding ('combined summons') word vir illikiede eise ('illiquid claims') gebruik.

1.1.9 Spesiale volmag ('power of attorney') magtig 'n prokureur om 'n enkele saak namens die kliënt te hanteer.

1.1.10 Slegs 'n persoon bo die ouderdom van 18 mag 'n testament as getuie teken.

(10 × 2) (20)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die reg van die hof om 'n spesifike saak te verhoor, word … genoem.

1.2.2 'n … is 'n lys van gekwalifiseerde, praktiserende prokureurs.

1.2.3 'n Kriminele daad om die regering van die land waaraan die oortreder trou verskuldig is tot 'n val te bring, word … genoem.

1.2.4 Die … is die tribunaal wat alle arbeidsdispute tussen die werkgewer en werknemer besleg.

1.2.5 'n ... verwys na 'n hofbevel wat 'n individu verbied om sekere handelinge uit te voer.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Kies ‘n term uit KOLOM B om by ‘n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Om ‘n bestorwe of insolvente boedel onder toesig van die Meester te beredder | A | voorouers (‘ascendants’) |
| 1.3.2 | Die oudste bron van die reg | B | presedent |
| 1.3.3 | Die belangrikste bron van die reg | C | volmag (‘power of attorney’) |
| 1.3.4 | ‘n Geskrewe magtiging om namens iemand anders op te tree in sake rakende die reg | D | emolumente-order (‘emoluments order’) |
| 1.3.5 | Ouers en grootouers van die oorledene | E | loonbeslagorder (‘garnishee order’ |
| 1.3.6 | Kinders van die oorledene | F | erflater (‘testator’) |
| 1.3.7 | Die persoon wat die testament opstel | G | nakomelinge (‘descendants’) |
| 1.3.8 | Toegestaan deur die hof waar ‘n skuldenaar geen tasbare eiendom het nie, maar wel ander bates (‘gains’) besit | H | wettereg (‘statutory law’) |
| 1.3.9 | ‘n Hofbevel om maandelikse aftrekkings te maak van die skuldenaar se salaris | I | gewoontereg (‘customary law’) |
| 1.3.10 | Verskillende uitsprake wat deur howe gemaak is en wat deel uitmaak van die bestaande reg | J | eksekuteur |

(10 × 2) (20)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B

Beantwoord slegs VYF vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 2

Ashley Young is van plan om 'n huis in Port Elizabeth te koop en die eiendom so gou moontlik in sy naam te laat oordra. Hy tree in verbinding met 'n prokureur om hom te help met alle wetlike aspekte rakende the aankoop van die huis.

2.1 Noem enige SES tipiese take wat deur prokureurs gedoen word vir hulle kliënte. (6 × 2) (12)

2.2 In 'n prokureurskantoor moet alle lêers van kliënte op 'n ordelike, sistematiese manier geberg word om toegang te vergemaklik.

Noem enige VYF liasseermetodes. (5 × 2) (10)

2.3 Onderskei tussen *internasionale reg* en *nasionale reg*. (4 × 2) (8)

**[30]**

### VRAAG 3

Die landdroshof is 'n hof van eerste instansie. Dit beteken dat sake in hierdie hof kan begin en dat dit nie die gesag het om appèlle aan te hoor nie.

3.1 Noem enige SES sake waaroor die landdroshof geen jurisdiksie het nie. (6 × 2) (12)

3.2 Verduidelik die stappe wat deur 'n prokureur gevolg moet word wanneer 'n nuwe lêer vir 'n kliënt geskep word. (7 × 2) (14)

3.3 'n Skriftelike verklaring onder eed voor 'n Kommissaris staan bekend as 'n ... (2)

3.4 'n Geskrewe regsdokument waarin mens bepaal hoe die oorerwing van jou eie bates na afsterwe moet plaasvind, staan bekend as 'n … (2)

**[30]**

### VRAAG 4

4.1 Jou oom John wil 'n drankwinkel open in Johannesburg. Hy nader jou oor regsadvies ten opsigte van die volgende aangeleenthede:

4.1.1 Vereistes waaraan die applikant moet voldoen. (12)

4.1.2 Vereistes waaraan die perseel waar sterk drank verkoop gaan word, moet voldoen (5 × 2) (10)

4.2 Die Suid-Afrikaanse reg het uit vier verskillende bronne ontstaan.

Noem hierdie VIER bronne. (4 × 2) (8)

**[30]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 5**

Jou vriendin Ruth wil 'n klag indien teen haar prokureur, mnr. Kunutu, wat haar geld gesteel het.

5.1 Verduidelik die stappe wat Ruth moet volg. (4 × 2) (8)

5.2 Uitsonderings op dagvaardings ('Exceptions to summons') sal van die hof afhang, maar daar is gronde waarop 'n 'kennisgewing van uitsondering' aangeteken kan word.

Noem hierdie gronde. (6 × 2) (12)

5.3 Verduidelik die verskille tussen 'n *onderhandse* ('collusive') *ooreenkoms* en 'n *notariële ooreenkoms*. (5 × 2) (10)
**[30]**

**VRAAG 6**

6.1 'n Prokureur het die verantwoordelikheid om 'n kwitansie uit te reik aan 'n kliënt wanneer sekere gelde ontvang word.

Gee SEWE soorte inligting wat op 'n kwitansie moet verskyn. (7 × 2) (14)

6.2 Ingevolge die Wet op Testamente en die Gemene Reg, moet 'n geldige wettige testament aan sekere vereistes voldoen.

Noem enige SES van hierdie vereistes. (6 × 2) (12)

6.3 Wat gebeur met die boedel as 'n persoon intestaat sterf en geen bloedverwante nalaat nie? (2 × 1) (2)

6.4 'n Wetlike reg wat deur die prinsipaal aan 'n prokureur verleen word om namens hom op te tree, word … genoem. (2 × 1) (2)
**[30]**

**VRAAG 7**

John het in Susan se motor vasgery; hy was nalatig en het te vinnig gery, en het nie opgelet waar hy ry nie. Die gevolg is dat Susan se motor erg beskadig is. Die beraamde koste van die skade is R10 000. Susan het besluit om John in die Hof vir Klein Eise vir skadevergoeding te dagvaar.

7.1 Verduidelik die prosedure wat Susan moet volg om John in die Hof vir Klein Eise te dagvaar. (10 × 2) (20)

7.2 Onderskei tussen die TWEE soorte rekeninge wat deur 'n prokureursfirma gebruik word.

(5 × 2) (10)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou